# Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 9

> *Hy is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Rehabeam het hom as koning opgevolg. (2 Kron 9:31)*

Die Kronis gee aan die einde van Salomo se lewe ’n kort

opsomming van sy fabelagtige rykdom, sy roem en wysheid. En dan as ’n laaste sin (vers 31): “Sy seun Rehabeam het hom as koning opgevolg.” Dit word die inleiding wat vertel van die geleidelike ondergang van die koninkryk met sy verbysterende skatte. Want Rehabeam, so lees ons in die volgende hoofstuk, het dit nie in hom gehad om sy pa se skoene vol te staan nie. Dis hoekom Jesus ons vermaan om vir ons skatte bymekaar te maak waar mot en roes dit nie sal uitroei of diewe dit sal steel nie (Matt 6:19).
As ’n mens die verhaal van Salomo lees soos die skrywer van die boek Konings dit vertel, is daar heelwat negatiewe berigte oor hom. Die Kronis, wat baie later sy verhaal neerpen, laat dit gewoon weg, omdat hy waarskynlik gedink het dis nie nodig om Salomo se karakter te beswadder nie. Daarom konsentreer hy op die positiewe.
Hoe praat en beoordeel jý ander? As ons glo in ’n God wat vergewe, moet ons anders oor ander begin praat.


## Onlangse Bydraes

- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026